BYBELSTUDIE HEBREËRS 10:19-31.

A. OPSOMMING.

Soos reeds genoem vorm 4:14-10:31 'n duidelik afgeronde eenheid in Hebreërs. Die hoofboodskap van hierdie gedeelte kan soos volg opgesom word:

- Jesus Christus is ons volmaakte Hoëpriester, en het die volmaakte offer gebring.
- Ons moet aan hierdie belydenis vashou.
- Ons moet die voorreg gebruik om met vrymoedigheid na God te gaan.

Hebreërs 10:19-31 handel oor laasgenoemde twee gedagtes.

VERS 19-22:

Die gemeente word vir die eerste keer sedert 3:12 weer as *broers* aangespreek. Dit beteken dat die voorafgaande boodskap (10:1-18) nou baie persoonlik toegepas gaan word. In vers 19-20 word hierdie boodskap soos volg opgesom: *ons het nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom* [19].

In die Grieks staan daar: *ons het vrymoedigheid tot toegang in die heiligdom*. En die vaste grond vir hierdie vrymoedigheid? Die bloed van Jesus Christus! Ons kan met vertroue en blydskap voor God staan – sonder enige vrees of onsekerheid of skuldgevoelens.

Kyk ons terug in Hebreërs, kan ons sien hoe mooi die eerste en tweede hoofdeel by mekaar aansluit. Die eerste het vertel hoe God deur die profete maar veral in Jesus Christus na ons toe gekom het. Die tweede verduidelik hoe ons, deur Jesus Christus, nou na God kan gaan. In hierdie tweerigtingkontak lê die wese en wonder van Christenwees.

Die *weg* waarvan vers 20 praat, het besondere eienskappe:

- Dit lei na die lewe [20]. Die Grieks praat letterlik van 'n *lewende pad*.
- Jesus het die weg vir ons *gebaan* [20] of oopgemaak. Hy moes dit met sy *liggaam* [20] *oopbeur* aan die kruis [vgl. ook 19]. Vir die Jood was die voorhangsel 'n simbool van die ontoeganklikheid van God. Jesus se "oopmaak" het *deur die voorhangsel heen gegaan* [6:19-20]. Daarom is God se ontoeganklikheid vir die gelowige vir altyd beeindig.
- Die weg eindig in die Allerheiligste. Jesus se pad het tot by die ereplek *naas God gegaan*. Ons plek is *voor die troon*. Ons is nou almal mense van die heiligdom – heilige priesters voor God.

Wat is die *huis van God* waaroor Jesus 'n priester is in vers 21? In hoofstuk 8:2 het ons gesien dat Jesus se werk as Hoëpriester 'n aardse en hemelse verband het. In vers 21 word heel moontlik aan sy diens in die hemelse heiligdom gedink. Jesus is werksaam in sy gemeente hier op aarde [3:6], maar Hy is terselfdertyd ook werksaam in die hemelse heiligdom – ter wille van sy kerk. Daar behartig Hy ons saak by God. Hy sit immers op die troon langs God, om die gelowiges se smekinge en trane en lofsange op te vang en aan God oor te dra. In Hebreërs 1 was God 'n sprekende God. Hier in Hebreërs 10 is Hy 'n luisterende God.

By hierdie gedeelte staan ons by die kern van die skrywer se bemoediging aan 'n wankelende gemeentetjie. Vir gelowiges wat lam geword het in die knieë, moes hierdie boodskap baie beteken het. Die tyd voor die wederkoms is 'n tyd van God se luisterende teenwoordigheid.

Vanaf vers 22 is die gedeelte vol woorde van aansporing. Dit is die *laat ons-oproepe* in vers 22, 23 en 24. In vers 22 volg die eerste laat ons-aansporing: *laat ons tot God nader*! In die Grieks staan daar: laat ons voortdurend tot God nader! Om tot God te nader moet 'n lewenstyl word.

Die wassing *met skoon water* is 'n duidelike verwysing na die Christelike doop. Uiterlike en innerlike reiniging gaan saam. Vir sulke gelowiges is die pad na die troon oop.

Die tweede laat ons-oproep [24] gaan oor die hoop wat ons bely. Net soos ons voortdurend na die genadetroon van God moet gaan, net so moet ons ook voortdurend *styf vashou aan die hoop*. Hoop is in Hebreërs baie belangrik. Die Christelike hoop is God se toekomslig [beloftes] wat nou reeds in ons lewenskamer inskyn. Dit oorstraal ons lewe met sy glans. Hierdie hoop is vas en seker want God se beloftes hang nie in die lug nie. Dit het die krag van 'n eed.
Vers 24 bring ons by die laaste laat ons-oproep. Hierdie oproep raak ons verhouding met medegelowiges: *laat ons na mekaar omsien*. Hoe lyk die omsien na mekaar?
Dit is 'n omsien wat begin met 'n raak sien van mekaar.
Dit is 'n omsien met noukeurige aandag.
Dit is 'n omsien met innige liefde.
Dit is 'n omsien wat uitloop op dade.

Een van die duidelikste tekens van geestelike agteruitgang in die Hebreërgemeente, was dat van die lidmate in die gewoonte verval het om *van die samekomste van die gemeente weg te bly* [25]. Die rede waarom dit gebeur het word nie genoem nie. Die oproep in Hebreërs is wel duidelik: *Gelowiges moet nie net self by die gemeentelike byeenkomste betrokke wees nie; hulle moet mekaar ook aanmoedig om betrokke te raak.*
Waarom?
Omdat die gemeentebyeenkoms die plek is waar die volgende gebeur:

- Ons eer, aanbid en dank God. Ware godsdiens beteken immers dat my lewe nie meer in diens van myself staan nie, maar in diens van God;
- Dit is waar die sprekende God deur sy Gees onder ons teenwoordig is;
- Waar ons as gemeente al ons behoeftes aan die luisterende God kan oordra;
- Waar ons kan saamwees as huisgesin van God en mekaar kan waardeer en versterk.

VERS 26-31:
Teen watter sonde word in vers 26 en verder gewaarsku? Dit gaan oor gelowiges wat *opsetlik bly sondig* nadat hulle *kennis van die waarheid ontvang het* [26]. Die Griekse woord vir *opsetlik* staan voorop. Dit gaan oor mense wat die evangelie werklik in sy wese leer ken het maar ten spyte daarvan doelbewus bly sondig.

- Hulle *verag die Seun van God*! In die Grieks: om iemand onder jou voete te vertrap. Jesus Christus se liefde vir ons word hier vertrap.
- Hulle minag die *bloed van die verbond* [29]. Die boodskap van die kruis word geminag.
- Hulle beledig die Gees van genade [29]. Die woord *beledig* is in Grieks die beeld van 'n geskenk wat in jou gesig teruggegooi word. Dit is wat hier gebeur: al die gawes en goedheid van die Heilige Gees word geminag.
- Hierdie mense loop die gevaar om hulle Christelike geloof prys te gee en van die gemeente weg te breek. In Hebreërs gaan dit heel waarskynlik om mense wat wil oorloop na die Joodse geloof.

En die straf op hierdie sonde?
Daar is vir hierdie soort opsetlike sonde *geen offer* meer oor nie. Selfs Christus se volmaakte offer sal hier nie meer help nie 5[26].
Vir hierdie mense wag daar 'n skrikwekkende oordeel [27].
Waar diegene wat die wet van Moses oortree het met die dood gestraf is, sal hierdie oortreders se straf nog swaarder wees [28-29]. Hulle het tog soveel meer ontvang.

Soos reeds in 6:6-8 genoem, sinspeel hierdie sonde op sonde teen die Heilige Gees. Maar almal van ons het hier 'n ernstige waarskuwing om nie met die genade van God te speel nie. Ons moet volle verantwoordelikheid vir ons lewe aanvaar [vgl. Gal.6:7-8].

B. <u>VRAE</u>.

1. LEES vers 19-20.
   1.1. Wat stel ons in staat om enige tyd na die Here te gaan?

   1.2. Wat hou ons gewoonlik terug om met vrymoedigheid na God te gaan?

2. Wat beteken die versekering van 'n oop pad na die troon en 'n luisterende God op die troon vir jou?

3. LEES vers 22-24.
   Hierdie verse bevat drie *laat ons-oproepe*. Kyk of u dit kan vind en sê wat dit beteken.

4. Een van die duidelikste tekens van geestelike agteruitgang in die Hebreërgemeente, was dat hulle van die samekomste van die gemeente weggebly het [25]. Wat gebeur alles in 'n erediens?

5. Wat is na jou mening die belangrikste redes waarom mense nie by gemeenteaktiwiteite betrokke raak nie?

6. LEES vers 26-31.
   Na watter soort persoon word verwys in bogenoemde verse en wat is die straf op hulle sonde?

C. ANTWOORDE.

1.1 Die liggaam en bloed van Jesus Christus is die vaste grond waarop ons voor God mag staan. Die eerste en tweede hoofdeel van Hebreërs verduidelik dit breedvoerig. Daar word verduidelik hoe God deur Jesus Christus na ons toe gekom het en hoe ons na God kan gaan. Op die wyse is God 'n pratende sowel as 'n luisterende God teenoor ons. In hierdie tweerigting kontak lê die wese en wonder van Christenwees.

1.2. Volharding in sonde wat nie bely word nie;
'n Verkeerde Godsbeeld [as sou God net streng en veroordelend wees];
Luiheid in die geloof omdat ons nie gereeld deur gebed, Woord en erediens tot God nader nie;
Deurdat ons net wil ontvang sonder om self vir die Here te gee.

2. Eie antwoord.

3. a. Laat ons tot God nader.
   In Grieks staan daar: laat ons voortdurend tot God nader.
   Dit moet 'n lewenstyl wees om deur geloof, bybellees en erediens tot God te nader.

   b. Laat ons styf vashou aan die hoop.
   Hoop is in Hebreërs baie belangrik en verwys na al God se beloftes – veral sy toekomsbeloftes van ons Vaderland. Ons kan sê: hoop is God se toekomslig wat nou reeds in ons lewenskamer inskyn. Hierdie beloftes is vas en seker en hang nie in die lug nie.

   c. Laat ons na mekaar omsien.
   Dit is 'n omsien wat begin met die raaksien van mekaar. Dit beteken om noukeurig aandag aan mekaar te gee. Hierdie omsien loop uit op dade.

4. Ons eer, aanbid en dank God. Ware godsdiens beteken dat my lewe nie meer in diens van myself staan nie maar van God.
   Dit is waar die sprekende God deur sy Gees onder ons teenwoordig ig is.
   In die erediens kan ons al ons behoeftes aan God wat luister oordra.
   Daar kan ons saamwees as huisgesin van God en mekaar waardeer en versterk.
5. Eie antwoord.
6. Dit is gelowiges wat opsetlik bly sondig nadat hulle die evangelie werklik in sy wese leer ken het. Volgens ons teksgedeelte gebeur die volgende:
   - Hulle *verag die Seun van God*! In die Grieks: om iemand onder jou voete te vertrap. Jesus Christus se liefde vir ons word hier vertrap.
   - Hulle minag die *bloed van die verbond* [29]. Die boodskap van die kruis word geminag.
   - Hulle beledig die Gees van genade [29]. Die woord *beledig* is in Grieks die beeld van 'n geskenk wat in jou gesig teruggegooi word. Dit is wat hier gebeur: al die gawes en goedheid van die Heilige Gees word geminag.
   - Hierdie mense loop die gevaar om hulle Christelike geloof prys te gee en van die gemeente weg te breek. In Hebreërs gaan dit heel waarskynlik om mense wat wil oorloop na die Joodse geloof.

   En die straf op hierdie sonde?
   Vir hierdie mense wag die oordeel van God [27]. Selfs Christus se volmaakte offer sal hulle nie meer help nie [26]. Soos reeds in 6:6-8 genoem, sinspeel die sonde waarvan hier gepraat word op sonde teen die Heilige Gees. Maar elkeen van ons ontvang hier 'n ernstige waarskuwing om nie met die genade van God te speel nie. Ons moet volle Verantwoordelikheid vir ons lewe aanvaar [vgl. Gal.6:7-8].

****